SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BURGER
Date: 10-Dec-2002
Topic: 08
Ref No: 17668
1
ID: 02898248-01
Source Page: 6

# Terreur noop Sasria om sy premies met 20% te verhoog

Jaco Leuvennink

KAAPSTAD. – Sasria het weens die onlangse toename in internasionale terreur geen keuse gehad as om, soos groot herversekeraars en onderskrywers wêreldwyd, sy premies aansienlik te verhoog nie. Dit was gister mnr. Mike Strydom, besturende direkteur van dié staatsversekeringsfonds teen spesiale politieke risiko's, se reaksie op kritiek teen die verhoging.

Strydom het gesê die verhoging van 20% vanaf 1 Januarie volgende jaar is die eerste verhoging van Sasria se tariewe in agt jaar. Die afgelope vyf jaar is die premies met 70% verminder omdat die risiko van politieke oproer heelwat afgeneem het.

Voorts is spesiale dividende van R10,4 miljard uit opgeboude reserwes aan die staat betaal wat die staat se skuldverpligtinge daarmee verminder is.

Vroeër het Glenrand MIB, die finansiëledienste- en risikobestuursgroep, gesê die verhoging van feitlik dubbel die inflasiekoers kan nie geregverdig word teen die agtergrond van Sasria se wins van sowat R60 miljoen verlede jaar nie.

Die verhoging plaas ook 'n vraagteken agter regeringsinstellings se verbintenis tot die inflasieteikenbeleid. Die teiken van die Reserwebank is tussen 3% en 6%.

Mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, het onlangs gesê daar word gereeld met staatsdepartemente en -instellings gepraat sodat 'n gekoördineerde poging aangewend kan word om dié teiken te haal.

Strydom het gister gesê premies is steeds baie laag. Vir die eienaar van 'n gemiddelde motor sal die premie maar van sowat R15 per maand tot R18 per maand styg. Vir vaste eiendom is die premie maar sowat 0,01% van die waarde van die eiendom.

Oor die wysiging aan alle Sasria-polisse dat verliese veroorsaak deur die gebruik van chemiese, biologiese of kernwapens van dekking uitgesluit word, het Strydom gesê hierdie verliese was nog altyd onversekerbaar. Die uitdruklike uitsluiting word deur herversekeraars wêreldwyd vereis omdat die moontlikheid nou bestaan dat sulke wapens deur terroriste gebruik kan word.